



Prosaro® maak die verskil!

PROSARO®
250 EC


Innovasie wat fokus

Optimale gewasbeskerming speel 'n sleutelrol by Bayer. Daarom is ons toegewy tot die ontwikkeling van produkte wat vinnig klaarspeel met siektes en sodoende 'n optimale opbrengs moontlik maak.

Prosaro® bied 'n effektiewe dog ekonomiese oplossing vir die beheer van belangrike siektes op koring, gars en canola.

Prosaro® se sukses berus op die kombinasie van twee hoogs effektiewe triasool-aktiewe en verbeter op die alreeds uitstekende eienskappe van **Folicur® 250 EW**. **Prosaro®** vorm die basis van siektebestuur en bied:

- Vinnige opname met langdurige beskerming
- Optimale gebruikshoeveelhede teen spesifieke siektes
- 'n Uitstekende koste tot voordeel verhouding
- Lae toedieningshoeveelhede per hektaar



Prosaro®

Handelsnaam: **Prosaro® 250 EC**
Aktiewe bestanddele: 125 g/l Prothioconazole en 125 g/l Tebuconazole
Formulasie: EC
Gewasse: Koring, gars en canola
Dosis: Gewas- en siektespesifiek



Beskerming met gevorderde tegnologie

By Bayer glo ons in Science For A Better Life. Ons voortdurende strewe om tegnologie se verbeterde formulasies te ontwikkel, stel ons in staat om waarlike pasmaakprodukte aan die mark te bied. **Prosaro®** bevat Prothioconazole sowel as Tebuconazole en word reeds in baie wêrelddele met sukses gebruik vir die beheer van verskeie siektes op koring, gars en canola.

Werking van Prosaro®

Prosaro® se sistemiese werking verseker dat die hele blaar beskerm word en die genesende eienskappe tydens die vroeë stadiums van swamontwikkeling maak dit 'n ideale produk vir kleingraansiektebeheer.

Prosaro® penetreer die blare en word eweredig herversprei in die plantweefsel waar dit beide die boonste en onderste blaaroppervlaktes beskerm. Beide bestanddele is triasole wat die sterool-biosintese in die patogeen se selwand inhibeer. So word die mees belangrike ontwikkelingsstadiums van die swam, wat die vorming van appresoriums en haustoriums, miseliumgroei en spoorvorming insluit, beheer.

Prosaro® is 'n kombinasie van 'n sistemiese molekule met bewese lang residuele werking en een met uitsonderlike genesende eienskappe. Die werking van die twee molekules is aanvullend tot mekaar.

Optimale gebruik van Prosaro®

GEBRUIK OP KORING : Prosaro® behoort toegedien te word met die eerste tekens van besmetting voordat 'n 5% besmettingsvlak bereik is. 'n Tweede toediening, 21 dae na die eerste toediening, word aanbeveel vir koring met 'n hoë oespotensiaal, veral in gevalle waar die eerste toediening vroeg (eerste node stadium) aangewend is, of wanneer ander siektes later in die seisoen ontwikkel.

Siekte	Toedieningshoeveelheid	Opmerkings
Poeieragtige skimmel (<i>Erysiphe graminis</i>)	400 ml/ha	Dien toe sodra simptome waargeneem word, maar nie later as die vlagblaarstadium nie. Herhaal toediening indien simptome weer voorkom.
Blaarroes (<i>Puccinia recondita</i>)	300 ml/ha	
Bruinaarsiekte (<i>Septoria nodorum</i>)	400 ml/ha	Dien toe vanaf tweede node stadium maar nie later as aarverskyning nie.
Oogvlek (<i>Helgardia herpotrichoides</i>)	600 ml/ha	Dien eerste bespuiting in die periode tussen eerste en tweede node-stadium toe.

BEIDE GROND- EN LUGTOEDIENING - NIE MEER AS TWEE TOEDIENINGS PER SEISOEN NIE.

GEBRUIK OP GARS : Tydsberekening van beheermaatreëls op gars is uiters belangrik en toediening moet met die verskyning van die eerste simptome van die siekte plaasvind.

Siekte	Toedieningshoeveelheid	Opmerkings
Blaarvlek (<i>Rhynchosporium secalis</i>)	350 ml/ha	Dien toe sodra eerste simptome waargeneem word of in die periode tussen seweblaar en vlagblaar stadium. 'n Enkele behandeling behoort voldoende te wees vir beheer.
Blaarroes (<i>Puccinia hordei</i>)	300 ml/ha	Dien toe sodra eerste simptome verskyn. Herhaal toediening ongeveer vier weke later indien simptome weer verskyn.
Poeieragtige skimmel (<i>Erysiphe graminis</i>)	300 ml/ha	Dien toe sodra eerste simptome waargeneem word. Herhaal toediening na vier weke indien simptome weer verskyn.
Netvlek (<i>Pyrenophora teres</i>) (<i>Helminthosporium sp.</i>)	400 ml/ha opgevolg met 'n tweede bespuiting van 350 ml/ha	Dien toe sodra eerste simptome waargeneem word. Onder toestande van hoë druk word 'n tweede toediening 3-4 weke later aanbeveel.



BEIDE GROND- EN LUGTOEDIENING - NIE MEER AS TWEE TOEDIENINGS PER SEISOEN NIE.

GEBRUIK OP CANOLA : Tydsberekening van beheermaatreëls op canola is uiters belangrik.

Siekte	Toedieningshoeveelheid	Opmerkings
Swartstam (<i>Leptosphaeria maculans</i>)	630 tot 760 ml/ha.	Dien toe op die 4 - 6 blaarstadium van Swartstam-gevoelige kultivars of in toestande van hoë Swartstam-risiko. 'n Opvolgbespuiting mag benodig word in hoë risiko toestande by rosetvorming, of waar 'n effektiewe saadbehandelings-toediening teen Swartstam nie gedoen is nie.
Sclerotinia stamvrot (<i>Sclerotinia sclerotiorum</i>)	630 tot 760 ml/ha	Dien tussen die 20 - 50 % (volblom) blomstadium toe. Vir die beste resultate, dien as 'n voorkomende behandeling gedurende die 20 - 30 % blomstadium toe. Goeie bedekking van die totale plantoppervlakte is noodsaaklik. Gebruik die hoër dosis (760 ml/ha) onder hoë siektdruk.

Suksesvolle proefresultate

Om te verseker ons produkte bied die mark optimale oplossings wat hoë gehalte opbrengste verseker, word al ons produkte eers deeglik beproef voor dit aan die mark bekend gestel word. **Prosaro®** is deeglik beproef op koring, gars en canola onder verskillende omgewingstoestande.



Prosaro® Reg. Nr. L8510 (Wet Nr. 36 van 1947). **Prosaro®** bevat Tebuconazole en Prothioconazole (versigtig).

Folicur® 250 EW Reg. Nr. L 3857 (Wet 36 van 1947). **Folicur® Plus** Reg. Nr. L7428 (Wet Nr. 36 van 1947).

Prosaro®, Folicur® 250 EW en **Folicur® Plus** is geregistreerde handelsmerke van Bayer AG, Duitsland. Gebruik slegs volgens etiketaanwysings

Facebook: Bayer Crop Science Division Southern Africa **Twitter:** @bayer4cropssa

Bayer (Edms) Bpk. Reg. Nr. 1968/011192/07
Wrenchweg 27, Isando, 1601. Posbus 143, Isando, 1600, Tel: +27 11 921 5002

www.cropscience.bayer.co.za
www.bayer.co.za

